HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 78 van 2026**

22 Junie 2026

Geagte Ouer/Voog

## 015 KRIEKETTOER NA HOËRSKOOL MERENSKY, TZANEEN

Ons sien ongelooflik baie uit na ons opkomende kriekettoer vanaf 28 Junie tot 3 Julie 2026.

**Hiermee die finale reëlings vir die kriekettoer:**

**Vertrekdatum en -tyd:** Ons vertrek Sondag, 28 Junie 2026 om 9:00 vanaf die skool. Pak asseblief vir u seun middagete in of voorsien hom van sakgeld. Seuns kan in gemaklike klere van hulle keuse ry.
**Aankomsdatum en- tyd:** Ons arriveer laatmiddag op 3 Jule 2026 by die skool. Ons sal laat weet sodra ons vertrek en hoe laat ons verwag kan word om terug te wees.
**Verblyf:** Leerders sal in Hoërskool Merensky se koshuis oornag. Bring asseblief eie beddegoed (slaapsak/ duvet en kussing) saam.

**Leerders moet asseblief die volgende pak:**

- Een stel formele skooldrag (skooldas, skoolbaadjie en skoolskoene)
- Kriekettoerusting
- Krieketdrag
- Gemaklike klere
- Oefenklere
- Warm baadjie
- Skoolsweetpak
- Toiletware
- Beddegoed
- Badhanddoek en swemhanddoek
- Ander gemaklike skoene soos tekkies/plakkies (Geen *CROCS* en plakkies mag saam met sportdrag gedra word nie, net saam met gewone drag.)
- Sakgeld: Leerders kan 'n bankkaart of kontant saamneem.

**Program: Die program verloop as volg:**

| Datum en Tyd | Aktiwiteit |
|---|---|
| **28 Julie** | |
| 15:00 – 17:00 | Aankoms by Hoërskool Merensky |
| 17:00 – 18:00 | Aandete |
| 18:15 | Opening by Merensky Byekorf |
| 19:00 – 20:00 | Meld aan en spanfoto's word geneem |
| 20:00 | Afrigters-, spanbestuurders- en skeidsregtersvergadering |
| 21:45 | Ligte uit |
| **29 Julie tot 1 Julie** | |
| 06:30 – 07:30 | Ontbyt |
| 9:30 | Wedstryde |
| 13:00 | Middagete (by velde) |
| 18:00 | Aandete |
| 21:45 | Ligte uit |
| **2 Julie** | |
| 06:30 – 07:30 | Ontbyt |
| 9:30 | Wedstryde |
| 13:00 | Middagete (by velde) |
| 18:30 | Prysuitdeling by koshuissaal |
| 21:45 | Ligte uit |
| **3 Julie** | |
| 06:30 – 07:30 | Ontbyt |
| 9:30 | Wedstryde |
| | Spanne vertrek na die afloop van wedstryde (skole ontvang middagete-pakkies) |

Verdere inligting sal, soos nodig, gekommunikeer word.

Vriendelike Randjiegroete,

C. Basson
Krieketafrigter

P. Booysen
Skoolhoof